



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 02 September 2021

Gedagte van die week:

Saaï elke dag, slaap elke nag! Our job is to sow the seed, not to grow the seed!

Vertrekpunt:

Matteus 13:1-9, 18-23

Meditasie uit die teks:

Ek wonder of Jesus sy oog het op vier verskillende soorte mense. Ek vermoed so. Daar is die harde en ontoeganklike harte, die vlak en onbetroubare harte, die besige en bekommerde harte en dan uiteindelik die ontvanklike en vrugbare harte. Die troos vir die saaiër is dat hy slegs verantwoordelik is vir die insette (input) en nie vir die uitsette (output) nie. Dit is elke dag my troos as mens, as vriend, as pa en as prediker. Daar was tye in my lewe dat ek meer bekommerd was oor die oestyd as die saaiyd, maar dank die Vader, daarvan is ek nou vir eens en vir altyd bevry! Ek weet dat ek net verantwoordelik is vir die saaiyd, die engele is genadiglik baas van die oestyd. Maar ek het ook al gedink dat die vier verskillende soorte grond kan verwys na die geloofseisoene van één mens. In my lewe het ek só daarvoor gedink:

00-07 jaar oud: Baba, kleuter, laerskool: Baie ontvanklik vir die Woord. Naïewe gelowige. Glo soos 'n kind.

14-18 jaar oud: Tiener, hoërskool: Baie emosioneel en maak goedkoop "commitments"! Bietjie vlak! Dit was 'n moeiliker tyd in my lewe, en geloof was 'n stewige muur waaragter ek kon wegkruip vir die realiteite van die lewe.

19-26 jaar oud: Universiteit, Weermag: Begin moeilike vrae vra en die pad was hier-en-daar uitgetrap en hard. Bietjie teerpad en soms gemeng met die vlak grond langs die pad. Meer doenig met koshuis as met kerk en kweekskool.

27-35 jaar oud: Eerste gemeente: Die onkruid groei welig ... bekommerd oor elke maand se begroting, oor kinders en karre, oor mense se opinies van my, oor status en posisie en gewildheid. Toe was om voorsitter van kerklike kommissies en komitees en beheerrade te wees nogal iets ... hoe dwaas was ek toe!

35-62 jaar oud: Tweede en derde gemeentes: Terug by die ontvanklike en vrugbare en gebalanseerde hart waarin dink en voel hand-aan-hand leef. Min onkruid en klippe en beslis nie teerpad nie. Geen goedkoop emosies en verbintnisse nie. Die onkruid van status, gewildheid en rykdom verdof teen die agtergrond van die soeke na 'n wyse en betekenisvolle lewe.

Ek wonder wat dink jy hiervan. Hoe sal jy jou geloofspad beskryf aan die hand van hierdie gelykenis? Ek wil jou aanmoedig om hieroor na te dink. Dit het my hierdie week gehelp met nuwe insig en dankbaarheid. Ek het ook weer eens besef dat al die insette van ouers, onderwysers, predikante, vriende en ander was afhanklik van die toestand van my hart. Ek kan niemand blameer nie. Ek wil ook nie. Ek is dankbaar vir waar ek nou is. Ek het my geloofseisoene oorleef en nie iewers vasgeval nie. Alles, alles is genade, onverdiende guns alleen. Dit bring 'n mens by 'n nederige en dankbare stukkie hartgrond.

Youtubeskakel:

Ons gaan nie Sondag 05 September 2021 'n reisgesprek in die kerkgebou hou nie. Jy kan wel die reisgesprek op Youtube luister by <https://youtu.be/PWmDGvx2qZo>

Meditasie uit die lewe

Al wat ek weet is dat dit baie koud is. Ek gaan nou eers bietjie in die flou lenteson staan en aan niks dink nie en oor niks mediteer nie. Volgende week is daar dalk iets om te vertel.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com